Wes-Kaapse Regering

Wes-Kaapse Onderwysdepartement
**Mandy van Wyk**
Direktoraat: Kaapse Onderrig- en Leierskapinstituut
(EDULIS ingesluit)
Mandy.Vanwyk@westerncape.gov.za | 021 900 5026

Lêerno.: 23/2/1
Verwysing: 20240606-4466

Kaapse Onderrig-en-Leierskapinstituutminuut: 0004/2024

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Hoofde van subdirektorate en afdelings (Hoofkantoor en distrikskantore), Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Hoofde: Bestuur en Beheer, Hoofde: IGLOO-koördinering en -advies, Kringbestuurders en Vakadviseurs

**Onderwerp: Aanstelling van 'n nuwe diensverskaffer om spyseniersdienste by die Kaapse Onderrig- en Leierskapinstituut (KOLI) te lewer**

1. Die Wes-Kaapse Onderwysdepartement het onlangs 'n nuwe diensverskaffer vir 'n tydperk van drie jaar aangestel om 'n spysenieringsdiens aan die KOLI te verskaf en te bestuur.

2. Ons kondig daarom graag aan dat 'n kontrak met Feedem Group (Pty) Ltd gesluit is om met ingang van 01 Julie 2024 alle maaltye en verversings aan gebruikers van die KOLI-geriewe te verskaf. Dit beteken dat gebruikers verplig sal wees om van die gekontrakteerde spysenier op die perseel gebruik te maak, soos deur die transversale kontrak bepaal. Geen ander spyseniers sal op die perseel toegelaat word nie.

3. Wanneer 'n bespreking by die KOLI bevestig word, moet die aansoeker regstreeks met die gekontrakteerde spysenier oor hul spysenieringsbehoeftes kommunikeer. 'n Standaard-spyskaart sal beskikbaar wees vir alle gebruikers, en etekaartjies, wat vir maaltye en verversings tydens maaltye/teetye, ens. gebruik kan word, sal aan gebruikers uitgereik word. Aan die einde van die geleentheid sal elke gebruiker 'n faktuur van die spysenier ontvang, en betalings sal, soos voorgeskryf, deur Verkrygingsbestuur verwerk word. Die gekontrakteerde spysenier kan ook versoek word om die spysenering te verskaf vir departementele geleenthede wat nie op die KOLI se perseel aangebied word nie. Geen bykomende verkrygingsprosesse word hiervoor vereis nie. Die standaardbywoningsregisters en gewaarmerkte fakture moet in alle gevalle by die betalingsadviesdokumente aangeheg word.

4. Indien 'n lokaal aangevra is, moet daar met die gekontrakteerde spysenier in verbinding getree word sodra die bespreking deur die KOLI bevestig is. 'n Geldige kwotasie moet dan van die diensverskaffer aangevra word sodat Verskaffingskettingbestuur (VKB) 'n amptelike bestelnommer daarvoor kan genereer.

5. VKB-eenhede vereis 'n lewertyd van 30 dae om 'n amptelike bestelling vir spyseniering aan die diensverskaffer uit te reik. Geen spyseniering sal sonder 'n geldige bestelnommer gelewer word nie.

6. Die kontakbesonderhede vir die Feedem Group (Pty) Ltd op die KOLI se perseel is soos volg:

| | |
|---|---|
| **Kontakpersoon:** | Karen Pedro |
| **Tel. no.:** | 021 900 5124 (kantoor) |
| **E-pos:** | ctli@feedem.co.za |
| **Selno.:** | 084 788 6645 |

7. Ons vertrou dat ons op die volle samewerking van alle gebruikers kan staatmaak, dat hierdie nuwe reëling deur almal verwelkom sal word en 'n beduidende bydrae sal lewer om doeltreffendheid te verbeter.

8. Bring asseblief die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle betrokke personeel.

**GETEKEN:** BJ LORISTON
**ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR**
**DATUM:** 2024-06-13